# LAERSKOOL SELECTIONPARK

**Telefoon:**
**011 362 6858 / 9**

**Faks:**
**086 607 1075**

**Posbus 11401**
**Selcourt**
**1567**

**E-Pos:**
**admin1@laerskoolselectionpark .co.za**
**Webwerf:**
www.laerskoolselectionpark.co.za


**Laerskool Selectionpark**

# INLIGTINGSBROSJURE
# GRAAD 1
# 2020

## (U kind is skoolpligtig (Gr 1) die jaar waarin hy 7 word)

Ons kommunikeer met die ouers deur middel van die "kommunikeerder". Ons vra vriendelik dat u die "**D6 Communicator**" aflaai op u foon of rekenaar – "Kies Laerskool Selectionpark". Op hierdie manier sal u altyd op hoogte wees van wat aangaan by die skool

# INHOUDSOPGAWE




1. Eienskappe van 'n PARKIE ……………………………………………………………….…. Bl 3

2. Brief van Departements Hoof – Grondslagfase ......................... Bl 4

3. Briefie aan nuwe Gr 1 maats .......................................................... Bl 5

4. Personeelinligting ..................................................................... Bl 6

5. Kostes:
   - Skoolfooie / Naskoolsentrum .......................................... Bl 6
   - Skryfbehoeftes …………………………………………………………… . Bl 7

6. Skoolkwartale vir 2020 ..................................................................... Bl 8

7. Klerewinkeltye ........................................................................... Bl 9

8. Skooltye ……………………………………………………………………………………… Bl 9

9. Skooldrag:
   Seuns ........................................................................ Bl 10
   Dogters ................................................................... Bl 10

10. Buitemuurse aktiwiteite ..................................................................... Bl 11

11. Kan jou kind die volgende doen ........................................................... Bl 13

12. Resep vir klei ……………………………………………………………………………………… Bl 15








# In Parkieland

- IS elkeen 'n WENNER
- GEE ONS OM
- Bou ons KARAKTER
- Wil ons graag soos JESUS wees







Geagte Gr 1 ouers

"Groot-skool" is vir elke kind 'n baie belangrike gebeurtenis!

Wie sien die meeste uit na die eerste dag? Kind of ouers?

Daarom is dit belangrik dat u die regte keuse sal maak ook sodat u kind gelukkig in sy nuwe skool sal wees.

Hier by Parkies kan ons u verseker dat ons net die beste vir u kosbaarste besitting wil bied, hetsy dit op akademiese-, sport- of kultuurgebied is.

In Parkieland is elke kind 'n wenner. Ons bied aan elkeen 'n kans om oral deel te neem.

Weet dat kommunikasie die wagwoord hier is! Ons deure en harte is oop om met u te praat.



Welkom, en word gerus deel van 'n wenspan!

# 'n Spesiale briefie aan ons nuwe Graad 1 maats:

Liewe Graad een maat

Ons is so bly  jy kom volgende jaar na ons toe.  Ons weet jy gaan baie gelukkig wees hier by ons. Ons gaan jou help om net so slim soos Pappa en Mamma te word.

Hier is baie nuwe maats wat saam met jou skool toe kom en julle kan almal lekker leer en speel.




Ons sien uit daarna om jou in jou nuwe skoolklere te sien as die skool begin.

Groete
Graad een juffrouens



# PERSONEELINLIGTING

| | | |
|---|---|---|
| HOOF | : | MNR A.F. DU PLESSIS |
| ADJUNK-HOOF | : | MNR O.J. VAN SCHALKWYK |
| Departementshoof – Grondslagfase | : | Me Suzan Joubert |

## KOSTES

Skoolfooie:

**Gr 1 – Gr 7 : R750-00 per maand per kind - Betaalbaar oor 11 maande (Januarie tot November)**



- **Internet betalings word aanbeveel!**
- **Debietorder fasiliteite kan gereël word**

- **Onthou asseblief om u rekeningverwysingskode te gebruik as verwysing wanneer u 'n betaling maak**
  (Verwysingskode op die rekening is, links bo, direk bokant u Van en Adres)

**NASKOOL:**

**Naskoolsentrumfooie is betaalbaar oor 11 maande:**

- Eerste leerling - R870-00 per maand
- Tweede leerling - R800-00 per maand
- Derde leerling - R750-00 per maand

- ***Voorlopige fooie, skoolfooie sal bekragtig word op 'n Ouervergadering later vanjaar***

## AFGEROLDE BOEKE:

U kind ontvang die boeke sodra die skole begin, hierdie boeke is ingesluit by die skoolfonds. Alle boeke bly die eiendom van die skool. Sou u verhuis, of u kind na 'n ander skool neem moet ons skool se boeke ingehandig word voordat ons u van 'n Oorplasingskaart kan voorsien.

# SKRYFBEHOEFTES – GR 1 2020

**LYS VAN BENODIGDHEDE**

| | |
|---|---|
| **1** | **Witbord** |
| **2** | **Witbordpenne – Swart (Maxiflo White Board Marker)** |
| **1** | **20's Faber-Castell Trigrip Inkleurpotlode** |
| **1 x** | **12's Mon-Ami vetkryt (uitdraai)** |
| **10** | **H-Potlode (Faber Castell)** |
| **2** | **Stetro "pencil grip"** |
| **1** | **Skerpmaker (metaal) (Die een met 1 x groot + 1 x klein gaatjie) – nie met houer asseblief** |
| 2 | **Amos – Glue Stick (35g)** |
| **1** | **Skêr** |
| **2** | **Uitveers** |
| **1** | **Liniaal 30cm** |
| **1** | **Telraam** |
| **1** | **Stoelsakkie** |
| **1** | **Materiaal geldsakkie** |
| **1** | **A4 "Library Bag"(materiaal) met rits en handvatsel** |
| **1** | **A4 96p Waterlyne - Hardeband** |
| **7** | **A4 72p "17mm Speckled with margin** |



Skryfbehoeftepakkette kan in die Kleretrommel aangekoop word. Beskikbaar vanaf Oktober 2019

***Items soos die "Library Bag" met rits, witbordjie en stoelsakkie word aan die einde van die jaar aan die kinders se nuwe onderwyseres gegee en u hoef dit dus nie in Gr 2 weer aan te koop nie***

## Die volgende items moet asseblief self aangekoop word:

- 1 Houer waterverf met 12 verskillende kleure verf
- 1 Space Case 30cm - GEEN PENNESAKKIES
- 1 Dik Inkleurboek
- 1 50 Stuk Legkaart (Skryf asseblief kind se naam op elke blokkie) Plaas prentjie van legkaart saam met legkaartstukkies in 'n 2 liter roomysbak. Skryf asseblief u kind se Naam op die bak
- 1 Stoflap
- 1 Plastiek plekmatjie (vir kleispeel)
- 1 Houer wet wipes
- 3 Rolletjies toiletpapier
- 2 Bokse sneesdoekies (Tissues)
- 3 Leë Roomysbakke (1 vir klei, 1 vir legkaart en 1 vir ekstra items van die pakket. Dit word in die klas gebêre)
- 1 Pak Zip Seal sakkies:
  Seuns : 150mm x 90mm
  Dogters : 160mm x 140mm

- Klei - Nie gekoopte klei asseblief. Maak asseblief die klei volgens die resep in die boekie. Plaas klei in 'n 2 liter roomysbak. Skryf asseblief u kind se Naam op die bak



Alle skryfbehoeftes moet 1 vir 1 gemerk word en ALLES word by die klasonderwyseresse ingehandig binne die EERSTE week. NIKS word tuis gehou nie!!!

| SKOOLKWARTALE VIR 2020 | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| KWARTAAL 1 | | KWARTAAL 2 | | KWARTAAL 3 | | KWARTAAL 4 | |
| VAN | TOT | VAN | TOT | VAN | TOT | VAN | TOT |
| 15/01 | 20/03 | 31/03 | 12/06 | 07/07 | 18/09 | 29/09 | 02/12 |

# KLEREWINKELTYE

| | |
|---|---|
| Maandae tot Donderdae | 13:00 tot 14:30 |
| Vrydae | 13:00 tot 13:45 |

Die winkel sal ook op die volgende dae en tye oop wees:

- **Saterdag 11 Januarie 2020 09:00 tot 13:00**
- **Maandag 13 Januarie 2020 09:00 tot 13:00**
- **Dinsdag 14 Januarie 2020 09:00 tot 13:00**

SAL VANAF 03 Desember 2019 GESLUIT WEES!

**MERK ASSEBLIEF ALLE KLERE EN SKOENE**

# SKOOLTYE




**Gr RR, Gr R, Gr 1,2 en Gr 3:**

- **Maandae tot Vrydae:**

**Skool begin STIPTELIK om 07:25 tot 13:05**

- **Wagklas:**
  - **Indien u nie u kind om 13:05 kan kom haal nie kan die kind, onder toesig, in die wagklas wag tot 13:35**
  - **'n Kind mag hier wag vir 'n ouer broer of suster totdat die skool uitkom**

# LAERSKOOL SELECTIONPARK

**Leweransier: "Die Kleretrommel" by die skool**

**SEUNS:**

| | | |
|---|---|---|
| Skoene | : | Swart |
| Kouse | : | Grys met skoolkleure ingeweef |
| Broek | : | Grys kortbroek in die somer en Grys langbroek in die winter |
| Hemp | : | Wit |
| Das | : | Maroen |
| Trui | : | Maroen met skoolkleure |
| Drymac | : | Blou, maroen of wit – NIE SWART NIE |

**DOGTERS:**

| | | |
|---|---|---|
| Skoene | : | Swart plathakskoene |
| Kouse | : | Kort wit kouse in die somer, Lang grys kouse in die winter |
| Rok | : | Maroen skoolrok |
| Trui | : | Maroen met skoolkleure of Moulose trui met skoolkleure |
| Haarlinte | : | Maroen, Wit, Geel of Blou |







# BUITEMUURSE AKTIWITEITE
# GRAAD 1

**ATLETIEK:**

- Alle Gr 1's neem deel aan die interhuisatletiek – ontvang 'n seël op Erkenningsertifikaat vir deelname
- Ons hardloop elke dag en soek so die beste twee (2) atlete vir deelname teen ander skole en interhuis
- Ma / Pa weet net dat die onderwyseresse neerskryf watter posisie jou kind behaal het want:  Elke Gr 1 kind het eerste gekom (volgens hulle !!!)

**MINI-NETBAL - GRATIS:**

- Vind in die middae plaas in die netbalseisoen.  Balvaardighede word aangeleer
- Daar sal per brief reëlings getref word vir middag-oefening
- Hulle ontvang 'n seël op die Erkenningsertifikaat as hulle gereeld geoefen het

**MINI-KRIEKET:**

- Slegs vir seuns
- Daar is spanne vir elke graadgroep (Gr 1 tot Gr 3)
- Deelname en oefen gee 'n seël vir erkenning

**PLAYBALL:**

- Word een keer per week vir 30 minute, direk na skool, op 'n Woensdag aangebied  (Betaling aan Playball)  Kontak Mev. Mandie Wagner – 011 811 6329
- Erkenning vir deelname

**RUGGA KIDS:**

- Word een keer per week vir 30 minute na skool aangebied (Betaling aan Rugga Kids)  Kontak Mnr Johan van Schalkwyk – 082 327 0846
- Erkenning vir deelname

**TENNIS:**

- Lesse word deur professionele persone by die skool aangebied (Betaling aan afrigter) Kontak Mnr. Hennie Stoltz  -  082 969 6904
- Erkenning vir deelname

**BALLET:**

- Lesse word in die Onthaallokaal (Langs die pawiljoen) aangebied (Betaling aan afrigter)<br>Kontak René  082 304 8191
- Erkenning vir deelname

**NETBAL PETITE:** (Moenie dit verwar met mini-netbal nie!!)

- Word een keer per week vir 30 minute, GEDURENDE Wagklastyd aangebied
  Betaling aan Netbal Petite – Kontak Mnr Johan van Schalkwyk
  082 327 0846
- Erkenning vir deelname

**LANDLOOP:**

- Reeds vanaf Graad 1 kan die leerlinge deelneem aan Landloop
- Erkenning vir deelname

**DRAMA:**

- Word in wagklastyd en na skool aangebied, in die voorportaal van die saal
- Kontak Carla Bruinette 082 613 8446

**RUGBY:**

Ons Gr 1-leerlinge speel nie in skoolverband rugby nie, hulle speel wel Valkie-rugby. Oefening vind in die aande plaas en hulle word afgerig deur pappas. Afrigting is gratis.
Kontakpersoon:
Mariette Faber 0795079701

**MINI-SKAAK:**

- Vind plaas een keer per week vir 30 minute, gedurende Wagklastyd in Juffrou Lucinda MacMahom se klas by Gr R
- Kontakpersoon: Me Suzan Joubert 082 316 5181
- Erkenning vir deelname
- Betaling: EFT in dieselfde rekening as skoolfonds met n duidelike verwysing Mini-skaak NIE DIE FAMILIEKODE NIE

**BRAINGYM:**


- Word een keer per week gedurende Wagklastyd aangebied
  Kontak vir Thys Lourens by 082 254 1138

**YOUNG ENGINEERS:**


- Word slegs op n Vrydagmiddag naskool by die Naskoolsentrum saal aangebied. Kontak vir Ronel by 083 715 3339



# Kan jou kind die volgende doen?

- ❖ Sy naam skryf
- ❖ Tel van 1 tot 10
- ❖ Syfers herken tot 10
- ❖ Kleure herken
- ❖ Vorms benoem 
- ❖ Legkaart bou
- ❖ Knip sodat die buitelyn nog sigbaar is
- ❖ My prent omlyn teen die buitelyn
- ❖ Inkleur  -  Saggies, egalig heen en weer
- ❖ Plak sonder dat die prent opkrul en 'n deel oorhang
- ❖ Tou spring
- ❖ Bal gooi en vang
- ❖ Eenbeentjie spring (4 x op elke been)
- ❖ Balanseer op 'n reguit tou
- ❖ Eenvoudige opdragte uitvoer  (Ouditief en skriftelik)
- ❖ 'n Mens teken  (Nie 'n stokmannetjie nie!)
- ❖ Liggaamsdele benoem

- **Ouditiewe geheue  (opdragte onthou)**
- **Lateraliteit   (Ken links en regs)**
- **Groot motoriese ontwikkeling  (Kan ek huppel, spring, rol en kruip)**
- **Ek praat nie meer babataal nie**
- **Ek kan my skoenveters vasmaak!  (BAIE BELANGRIK!!)**



# RESEP VIR KLEI

**500ml Meel**
**200ml Sout**
**30ml Kremetart**

**Plaas in ‘n kastrol. Voeg volgende by:**


- **500ml Water**
- **30ml Olie**
- **2,5ml Geursel of Kleursel**

**Roer oor vinnige hitte in kastrol tot klonte vorm. Verlaag hitte. Roer tot klammigheid verdwyn. Wag tot afgekoel is voor begin knie. Knie vir 5 minute – (Gee elastisiteit)**

**<u>NB</u>: Moet asseblief nie enige van die bestanddele (veral die kremetart) uitlaat nie - dit verleen elastisiteit aan klei!!**

**Speel asseblief self met die klei om te kyk of dit aan die hande klou – as te pap is, kook nog ‘n rukkie**




Voltooi die volgende patrone